

## **WES-KAAPSE MINISTER VAN KULTUURSAKE EN SPORT, ANROUX MARAIS**

### **2016/17 BEGROTINGSPOS-TOESPRAAK**

**30 MAART 2016**

*Geagte Speaker*

*Premier*

*Kabinetskollegas en Lede van die Provinsiale Parlement*

*Voorsitter van die Staande Komitee*

*Departementshoof en bestuurders van die Departement van Kultuursake en Sport*

*Ons vennote in die sport- en kultuursektore*

*Media*

*Inwoners van die Wes-Kaap*

*Good evening, goeienaand, molweni*

### **Inleiding**

Speaker, dit is inderdaad 'n eer en 'n voorreg om die toewysing van die begroting vir Kultuursake en Sport vir 2016/2017 voor te lê aan die Huis en die breër Wes-Kaapse gemeenskap. Ek sal uiteensit hoe die Departement die toegewysde R736 184 000 gaan aanwend om 'n maatskaplik geïntegreerde, kreatiewe, aktiewe, gekonnekteerde en verenigde Wes-Kaap te skep. Die volgende voorlegging verpersoonlik ons verbintenis tot die verbetering van onderwys-uitkomst en geleenthede vir jeugontwikkeling in 'n poging om ons verdeelde gemeenskap deur sport en kultuursake te herstel.

### **Kultuursake en Sport as maatskaplik geïntegreerde medium**

Speaker, die media berig elke dag oor die maatskaplike euwels in ons gemeenskappe en ons word geraak deur die nadelige uitwerking hiervan. Ons lees belangrike hoofopskrifte soos: "Jeugbendes neem toe", "Kinderverkragter moet in die tronk vergaan", "Tienswangerskap aan die toeneem", "Dwelmmisbruik aan die toeneem" en "Onskuldige omstander sterf in kruisvuur". Die jeug is gewoonlik die

grootste slagoffers van anti-sosiale gedrag. Meer kommerwekkend is die voorkoms van permanente rasseskieding, wat die integriteit van nie maar net ons gemeenskappe nie, maar ons mensdom vernietig.

Die doel van die vier programme van die Departement van Kultuursake en Sport is om die vernietigende gevolge van maatskaplike euwels reg te stel. Die programme lewer 'n bydrae tot positiewe jeugontwikkeling en beding 'n kollektiewe identiteit vir die provinsie. Al vier ons programme werk holisties saam om eenheid, hoop, versoening, respek, trots en 'n viering van ons diversiteit te versnel en fasiliteer terselfdertyd positiewe jeugontwikkeling.

### **Program 1: Administrasie**

Speaker, R61 450 000 is toegewys vir die 2016/17-boekjaar, Program 1: Administrasie. Hierdie toewysing stel die departement in staat om uitmuntendheid in dienslewering te bereik deur deurlopende verbetering van die praktyke van finansiële bestuur. Hierdie bewilliging sal ondersteuning aan al die ander programme verseker en hulle in staat stel om dienslewering aan almal in die Wes-Kaap te verbeter. 'n Toegewysde R30 103 000 sal 'n oorkoepelende finansiële bestuur steundiens aan die departement verskaf, insluitend finansiële bestuur dienste aan die 3 openbare entiteite wat onder die gesag van my kantoor staan: Wes-Kaapse Kultuurkommissie, Wes-Kaapse Taalkomitee en Erfenis Wes-Kaap. Hulle word almal vandag hier in die gallery verteenwoordig.

Speaker, ek gebruik graag die geleentheid om die amptenare van ons Departement wat vandag hier onder die leierskap van ons departementshoof, mnr. Brent Walters teenwoordig is, te erken. Ek dank julle almal vir die professionele gees waarin julle met sorg, vaardigheid, aanspreeklikheid, integriteit, innovering en 'n responsiewe ingesteldheid 'n impak op die inwoners van die Wes-Kaap maak. Jul verbintenis en toewyding vind nie plaas sonder dat enigeen daarvan bewus is nie. Sir Richard Branson het eenmaal gesê: "Hoewel baie mense verwys na winste en produktiwiteit as die nodige bestanddele, glo ek dat die langtermyn sukses van 'n besigheid gebou is op personeel wat dit geniet om daar te werk en klante wat hou van die maatskappy se produkte of dienste." Hy sê ook 'n mens moet "mense goed genoeg oplei dat hulle die maatskappy kan verlaat, maar so goed behandel dat hulle die maatskappy nie sal wil verlaat nie." Die feit dat ons departement toekennings vir ons sukses verower het, getuig hiervan. Speaker, môre is ons

Hoofdirekteur van Kultuursake, Hanneljie Du Preez, amptelik goed genoeg opgelei om ons Departement te verlaat. Oor die afgelope 22 jaar van staatsdiens het me. Du Preez bekend geword as die lopende kultuursake-ensiklopedie van die Wes-Kaap. Ons is almal baie hartseer om van haar afskeid te neem en ons wens haar net die beste toe vir die toekoms.

Speaker, gegewe die beperkte fiskale omgewing, behels die doelwitte van die 2016 Begrotingsproses die versterking van die fiskale benadering. Die grootste impak van die beperkte fiskale omgewing is op Koste van Werknemers. Alle amptenare (kontrakpersoneel ingesluit) is instrumenteel in die lewering van 'n effektiewe en doeltreffende administratiewe diens en daarom kondig ek trots aan dat ek en die Departementshoof besluit het om ALLE KONTRAKPOSTE te hernu vir die nuwe boekjaar. Die Departement van Kultuursake en Sport gaan nie die reeds kommerwekkend hoë werkloosheidsyfer landwyd verder verhoog nie.

## **Program 2: Kultuursake**

Speaker, met die R109 443 000 wat aan Program 2: Kultuursake toegewys is, sal ons kuns-, kultuur-, museum-, erfenis- en taalverwante dienste aan die inwoners van die Wes-Kaap lewer. Sedert ek as Minister ingesweer is, is ek bemoedig deur die toegewydheid van die Departement om sport en kultuur te gebruik om 'n maatskaplik geïntegreerde, innoverende, aktiewe en gekonnekteerde Wes-Kaap te bou.

## **Kuns en Kultuur**

Ek het gesien hoe die jeug bo armoede en die las van fetale alkoholsindroom uitstyg en 'n internasionale verhoog met 50 lande deel by die jaarlikse Uitvoerende Kunste Kampioenskap in Kalifornië. Nie net het hulle die verhoog met hierdie lande gedeel nie, maar hulle het wêreldwye erkenning verkry deur 29 goue en silwer medaljes en 'n trofee vir die wenners van die ope dans-kategorie te verower. Indien julle bevoorreg was om hulle te sien optree, sal julle verstaan waarom die Nuwe Graskoue Trappers verdien het om dié toekennings te verower. Ek is bewus van die nood waarin die Nuwe Graskoue Trappers verkeer wat betref hul fondsinsameling om weer deel te neem aan die internasionale kampioenskap. Speaker, dit is om hierdie rede dat die Departement besluit het om befondsing toe te wys om die

langtermyn sukses van hierdie tradisionele groep te verseker en om sy geaffilieerde gemeenskapsprogramme in die nuwe boekjaar te ondersteun.

Ek het gesien hoe, ongeag van verskillende rasse-, kulturele-, taalbevoegdheid- en klasse agtergronde, groepe jeug hul talent in drama oor die provinsie heen ten toon stel en ernstige boodskappe met gepakte sale gehore deel. Die Departement se dramafeeste het in elke distrik van die provinsie plaasgevind en die wenners het die geleentheid gekry om hierdie jaar by, onder andere, die Zabalaza-fees by die Baxter en die KKNK op te tree. Ek wil veral melding maak van Fahiem Stellenboom, Bemerkingsbestuurder van die Baxter en Bongile Mantsai, een van die beoordelaars by ons dramafeeste en dankie sê vir hul volgehoue ondersteuning aan ons opkomende sterre in ons gemeenskappe regoor die provinsie. Ek sê ook dankie aan Marlene Le Roux, Hoof Uitvoerende Bestuurder van die Kunstekaap, vir haar rol as dryfveer agter die Landelike Uitreikingsprogram. In Oktober 2015 het die Landelike Uitreikingsprogram 49 skole uit die Breede Vallei genooi en 'n geleentheid vir 2 400 leerders geskep om betrokke te raak by die buitengewone uitvoerings van kuns, in sy verskillende vorme. Ek sien daarna uit dat die Departement weer in die nuwe boekjaar hierdie baie belangrike program saam met hulle aanbied. Die program neem teater na die landelike gebiede van ons provinsie.

Speaker, die Departement gaan in 2016/17 nuwe vennootskappe aangaan en programme bou en ontwikkel tot nuwe vlakke van uitmuntendheid. Dit gaan bereik word deur:

- Die uitbreiding van die koormusiek-program na Eden en Sentraal-Karoo.
- Bo en behalwe ons gevestigde vennote, soos Jazz on the Rocks en die Suidoosterfees, gaan ons kyk na ander feeste waartydens spesifiek uitgesoekte jeug hul talente kan ten toon stel en meesterklasse gefasiliteer kan word.

Gedurende 2016/17 gaan studente in die vennootskapsprogram met UWK deel wees van 'n musiekblyspel getiteld 'Zenzi'. 'Zenzi' is 'n samewerkingsvennootskap tussen die Universiteit van Wes-Kaapland en die Universiteit van Missouri. Hierdie studente sal die geleentheid kry om internasionale blootstelling op te doen en oorsee te reis.

## **Museumdienste**

Indien jy gedink het museums is vervelige plekke, waar ou dinge ten toon gestel word, was jy nie onlangs in 'n Wes-Kaapse museum nie. Jy sal verstom wees oor hoe interaktief en taalkundig demokraties ons museums tans is. Ons departement is stadig maar seker besig om ons doelwit te verwesenlik om ons museums in meer maatskaplik geïntegreerde ruimtes te omskep waarin ons historiese diversiteit aan almal ten toon gestel word om van te leer. Speaker, die R58 820 000 (58 miljoen en 800 en 20 duisend rand) wat in die nuwe boekjaar aan Museumdienste toegewys is, sal inderdaad help om hierdie doel te bereik.

Die nuwe Kaapstad Museum is op 1 September 2015 bekendgestel. Hierdie nuwe geslag-erfenisinstelling gaan 'n belangrike toegangspunt vir inwoners en toeriste word om 'n oriëntering tot die geskiedenis en ontwikkeling van die stad te verkry. Die museum gaan in die Standard Bank-gebou in Adderleystraat, wat tans opgeknop en opgradeer word, gehuisves word.

In verband met hierdie tema en in aansluiting by die bekendstelling van die Mondelinge Geskiedenis Raamwerk in Erfenismaand 2015, het ons ook 'n reistoonstelling oor die lewe van wyle Dulcie September, wat haar 80ste verjaardag sou gevier het. Die uitstalling is gebaseer op 'n mengsel van persoonlike en amptelike argiewe en moedig almal van ons aan om die waarde van ons eie rekords as deel van die Suid-Afrikaanse verhaal te waardeer.

Mondelinge geskiedenis maak dit vir ons moontlik om ons ontasbare erfenis te bewaar en op sy beurt het dit weer die potensiaal om maatskaplike integrering, begrip, verdraagsaamheid en nasiebou te bevorder. Om hierdie rede het die Museumdiens, in samewerking met Biblioteke, op 4 Desember 2015 die Mondelinge Geskiedenis-inisiatief by biblioteke in Hawston in die Overstrand en aan die einde van Februarie in die Bergrivier Distriksmunisipaliteit geloods. Video-opnames van mondelinge getuïenis is beskikbaar by die biblioteke en die Provinsiale Argief.

Transformasie van museumuitstallings en die openbare programme wat by geaffilieerde museums aangebied is, het voortgegaan en in Oktober 2015 is 'n nuwe

permanente uitstalling, *Stellenbosch en sy mense*, by die Stellenbosch Museum bekendgestel. Hierdie uitstalling beeld die plaaslike geskiedenis van die gebied uit en sluit ook stemme uit voorheen benadeelde gemeenskappe in. Voorlopige prosesse is geïmplementeer ter voorbereiding vir die transformasie van die uitstalling-inhoud by die Bartolomeu Dias Museum en die Worcester Museum.

Werk verbonde aan die oprigting van die Kaapstad Museum sal in 2016/17 voortgaan. 'n Beheerliggaam sal aangestel word en hulle sal toesig hou oor die proses wat gevolg gaan word om die ontwikkeling van die permanente uitstalling van die museum af te handel. Bouwerk aan die Standard Bank-gebou sal voortgaan en ons verwag dat die gebou teen die einde van die boekjaar beset sal word.

Die implementering van die Mondelinge Geskiedenis-inisiatief by biblioteke sal tydens 2016/17 voortgaan in elke distrik van die provinsie. Die feit dat persoonlike geskiednisse en gemeenskapservarings gedeelde erfenis en biblioteke sosiale vergadersentrums word, is bewys van die positiewe impak van hierdie projek. Dit staan plaaslike inwoners vry om hul biblioteke te besoek en te versoek dat hul stories opgeneem en op rekord geplaas word. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die Direkteur van die Stigting vir die Bemagtiging deur Afrikaans, Niel le Roux, se inisiatief om stories uit Skurweberg saam te stel en sodoende 'n blywende stem aan die mense van die gemeenskap te gee.

Die Departement sal, in samewerking met Erfenis Wes-Kaap, Erfenisroetes ontwikkel om spesifieke aspekte van ons gedeelde kultuur uit te lig. Dit sluit die Mandela-roete, die Canons-roete en 'n Kaaps-Maleise Erfenisroete in.

Ondersteuning aan geaffilieerde museums sal voortgaan in die vorm van befondsing, bemerking en promosie, onderwys en opleiding, ontwikkeling van uitstallings, bewaringswerk, die detasjering van personeel, en mentorskap en advies. Waar voldoende hulpbronne beskikbaar is, sal dienste ook na ongeaffilieerde

museums uitgebrei word.

Speaker, my ervaring as Minister van hierdie departement het my persoonlike ontwikkeling bevorder en vir my 'n beter insig gegee oor die diversiteit van die Wes-Kaap. Daar is baie mense wat glo dat ons diversiteit, d.w.s. ons verskillende kulturele agtergronde, oortuigings, tradisies, moedertale, sosio-ekonomiese status en selfs politieke affiliasie ons nasie verdeel, maar ek is vas oortuig dat ons skoonheid in ons diversiteit verskuil is. Ons het meer gemeen as die dinge wat ons uitmekaar dryf en hoe gouer almal van ons dit besef, hoe beter.

Ons moet 'n punt bereik waar ons mekaar verstaan en verdra, ongeag ons verskille.

Ons moet 'n punt bereik waar ons ons diversiteit vier en saamwerk om 'n maatskaplik geïntegreerde nasie te bou en daar is geen beter tyd as juis nou nie.

### **Erfenis**

Speaker, vir die 2016/17-boekjaar, gaan Erfenishulpbrondienste R7 894 000 ontvang.

In die afgelope boekjaar het die provinsiale erfenishulpbronowerheid van die Provinsie, Erfenis Wes-Kaap (EWK), daadwerklike pogings aangewend ter bevordering van die praktiese doel van nasionale erfeniswetgewing in die vestiging, implementering en instandhouding van 'n geïntegreerde erfenishulpbronbestuurstrategie in die Provinsie. In 2015/16 het die owerheid ongeveer 3 000 aansoeke verwerk. In hierdie verband het Erfenis Wes-Kaap onlangs 'n ooreenkoms met die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning aangegaan om sodoende 'n standaard bedryfsprosedure ten opsigte van die gesamentlike verwerking van Erfenis Impak Assesserings in werking te stel. Erfenis Wes-Kaap beoog om in die nuwe boekjaar soortgelyke ooreenkomste met ander belanghebbers aan te gaan om verdere steun te verleen ten opsigte van die skepping van 'n doeltreffende en effektiewe erfenishulpbron-bestuurstelsel. Erfenis Wes-Kaap neem kennis van die onlangse sake van openbare belang wat in die openbare domein bespreek word en het gereageer op die behoefte aan 'n meer transformatiewe benadering tot gedenktekens en erfenispraktyk. In dié verband het die

erfenisowerheid 'n Gids tot Monumente en Gedenktekens en 'n Beleid oor Inisiasieterreine opgestel.

Erfenis Wes-Kaap moedig die registrasie van bewaringsliggame aan en gaan begin werk aan 'n gedragskode om hierdie liggame te lei wat betref hul kommentaar tydens die aansoekprosedures. Sy bedoeling is ook om voorheen benadeelde gemeenskappe aan te moedig en te lei in aktiewe deelname in sulke gevalle. Indien alles deeglik oorweeg word, bly die feit staan dat dit die inwoners van die Wes-Kaap is wat voordeel trek uit die pogings van die entiteit en Erfenis Wes-Kaap gaan voort om die aktiewe deelname van die publiek aan die bestuur van die provinsie se erfenishulpbronne aan te moedig om verteenwoordigende transformasie te verseker.

Verlede jaar is berig dat ons gaan begin om die grondslag te lê vir die skepping van 'n Khoenkhoen-erfenisperseel in die voorgestelde Twee Riviere Stedelike Park (TRUP). Hierdie perseel sal die geskiedenis uitbeeld van die vroegste kontak tussen die Khoenkhoen en koloniale magte in 1510. Hierdie projek sal geleë wees in wat vandag bekend staan as Observatory en uitvoering gee aan die nalatenskapprojek wat vir die San en Khoenkhoen voorgestel is. Hierdie projek bied 'n geleentheid om die beduidende rol wat die Khoenkhoen en hul nageslagte gespeel het in die vorming van hierdie Provinsie en land as 'n geheel, te erken.

Ek benut graag hierdie geleentheid om van Dr Errol Myburg, Hoof Uitvoerende Bestuurder van Erfenis Wes-Kaap en teenwoordig in die gallery, afskeid te neem aangesien hy uittree na 'n lang periode van diens aan die publiek van die Wes-Kaap. Ek spreek hiermee my opregte waardering uit vir die werk wat hy oor die jare gedoen het om die erfenis van ons provinsie te beskerm. Ek verwelkom ook graag vir Mxolisi Dlamuka wat op 1 April 2016 amptelik die leisels oorneem as die nuwe HUB van Erfenis Wes-Kaap.

### **Taaldienste en die Wes-Kaapse Taalkomitee**

Speaker, ek het begrip vir die feit dat die Staande Komitee bekommerd is oor die oënskynlike gebrek aan Xhosa-materiaal in die Wes-Kaap. Ek kondig hiermee met trots aan dat die Departement in 2015/16 'n Taalgedragskode gebaseer op die Wes-Kaapse Taalbeleid ontwikkel het en dat dit aanvaar is deur Provinsiale Topbestuur vir



implementering in al die provinsiale departemente. Geraamde kopieë in die drie amptelike tale is aan al die provinsiale departemente beskikbaar gestel. Die Departement het ook die Elsenburg Landbou-opleidingsinstituut gehelp met die formulering van 'n Taalbeleid wat die goedkeuring van die personeel en studente wegdra.

'n Drietalinge Regeringsterminologielys is tydens Internasionale Vertaaldag op 30 September 2015 bekendgestel. Hierdie boekie bevat die terminologie wat algemeen deur die regering gebruik word in die drie amptelike tale van die Wes-Kaap en is ook op die internet beskikbaar. Dit bevorder die eenvormige gebruik van terminologie deur taalpraktisyns wat dienste aan die provinsiale regering verskaf.

'n Xhosa-skaakboek is op 7 Julie 2015 in samewerking met Watu Kobese, 'n Internasionale Meester en 'n persoon wat Suid-Afrika reeds verskeie kere verteenwoordig het, bekendgestel. Mnr. Kobese het die behoefte aan 'n Xhosa-skaakboek raakgesien. Ons Departement en mnr. Kobese het kragte saamgespan en die Xhosa terminologielys vir skaakstukke, hul skuiwe en die spel as 'n geheel saamgestel.

Die eerste van sy soort Xhosa-skaakboek maak dit makliker vir leerders om die spel van skaak te bemeester. Hiermee my opregte dank aan die skrywer, mnr. Watu Kobese wat vandag in die gallery teenwoordig is, vir die wyse waarop hy die departement ondersteun het met die bevordering van die gebruik van die drie amptelike tale van die Wes-Kaap, naamlik Afrikaans, Xhosa en Engels. U het ongetwyfeld deur die bevordering van 'n veeltalige samelewing gehelp om 'n kultuur van omgee in die Wes-Kaap te skep en die siening by mense laat posvat dat die Wes-Kaap 'n omgee-tuiste vir almal is. Kinders kan nou in hul moedertaal, Xhosa, van die sport leer en op hierdie manier moedig ons uitmuntendheid en inklusiwiteit in sport aan. Speaker, in die nuwe boekjaar, sal daar ook 'n krieket- en netbalboek in Xhosa bekend gestel word. 'n Sokker-, boks- en atletiekboek in Xhosa sal binnekort volg.

Daar is 'n konsepraamwerk vir Suid-Afrikaanse Gebaretaal ontwikkel, wat ten doel het om dienslewering aan die Dowe-gemeenskap in die Wes-Kaap te verbeter. Gehoorgestremde individue geaffilieer by verskillende organisasies van die Wes-Kaap is op groot skaal geraadpleeg tydens konsultasiewerksinkels om die geloofwaardigheid van die dokument te verseker. Ek verwelkom vandag vir Michelle Lombard en Seleni Dumisa, ons gebaretaaltolke en Jabaar Mohamed van DEAFSA in die Huis en bedank hulle vir hul belangrike bydrae om te help om die Wes-Kaap 'n Vrye Geleentheid vir Almal Samelewing te maak. Vier konsepraamwerke vir Suid-Afrikaanse Gebaretaal het reeds verskyn en verdere oorlegpleging met tersaaklike provinsiale departemente sal in die nuwe boekjaar plaasvind.

'n Xhosa-kollokwium is gehou om die vordering te evalueer en die struikelblokke in die pad van die gebruik van Xhosa as 'n besigheidstaal in die Wes-Kaap uit die weg te ruim. Hierdie akademiese seminaar het insiggewende aanbiedings deur verskillende Xhosa-sprekende akademici en professionele lui ingesluit. Die belangrikste aanbevelings van die kollokwium sal in die nuwe boekjaar opgevolg word.

Die Departement se Taaldienste-komponent is verantwoordelik vir die verskaffing van transversale taalsteundienste aan al die departemente deur vertaling, redigering, tolking en gehaltebeheer. Gedurende 2015/16 is meer as 520 dokumente vertaal, meer as 260 dokumente geredigeer en tolkdienste is by 19 geleenthede gelewer (tolking in Suid-Afrikaanse Gebaretaal ingesluit).

Die Departement sal voortgaan om vergaderings van die Wes-Kaapse Provinsiale Taalforum te fasiliteer. Hierdie liggaam bestaan uit taalpraktisyns en vergader ses keer 'n jaar om die professionele ontwikkeling van taalpraktisyns te ondersteun. Terminologie-ontwikkeling en aktiewe pogings om die bestaande ortografie van Xhosa by te werk is deel van die Forum se werksaamhede.

Speaker, met die R4 877 000 wat aan die Departement se Taaldienste toegewys is, sal ons voortgaan om taalsteundienste en tolkdienste (Suid-Afrikaanse Gebaretaal-tolking ingesluit) waar nodig in al drie amptelike tale van die Wes-Kaap aan al die departemente van die provinsiale regering te verskaf.

Die 2015/2016 inisiasie winterseisoen het sonder enige sterfgevallen verloop en die Departement gaan voort met sy pogings om 'n bemagtigende omgewing vir hierdie kultuurpraktyk te voorsien. Hierdie pogings sluit die ontwikkeling van 'n Inisiasie-raamwerk en 'n Protokol-dokument in. Die Wes-Kaap is die enigste provinsie wat dit doen en ons maak ook voorsiening vir die opleiding en ontwikkeling van die inisiasie-praktisyns. Praktisyns word aangemoedig om van die opleidingsgeleentheid wat noodhulp, vuur- en omgewingsbestuur en vaardigheidsontwikkeling insluit, gebruik te maak. Hierdie ondersteuning word verskaf om welstand te verhoog en veiligheid te bevorder om sodoende te verseker dat die tradisionele kultuurpraktyk van die oorgangsrite wat die oorgang van seunskap na volwassenheid uitbeeld, effektief uitgevoer word.

### **Program 3: Biblioteek- en Argiefdienste**

Speaker, Biblioteek- en Argiefdienste ontvang R359 698 000 om volhoubare biblioteek-, inligting- en argiefdienste te bevorder, te ontwikkel en te transformeer.

Die Departement van Kultuursake en Sport sal voortgaan om die Wes-Kaap se biblioteekdienste te ondersteun, met meer as 366 openbare biblioteke wat in die Wes-Kaap ondersteun word. Biblioteke bied verskeie voordele en dien as sentrums vir lees, ontspanning, leer en die bou van maatskaplike kapitaal. Daarom gaan biblioteekdienste voortgaan om positiewe bydraes tot die verbetering van onderwysuitkomstes te maak. Daarbenewens vorm biblioteke deel van die Breëband-projek, deur die toerusting van openbare geboue met hoë spoed, breëband internetkonneksies. Dit is 'n positiewe bydrae tot slim groei, wat daarop gemik is om kennis en innovering uit te bou.

Speaker, biblioteke huisves nie net boeke nie, hulle dien as sosiale vergadersentrums en veilige ruimtes vir ons gemeenskappe. Hulle skep 'n samelewing waarin almal die geleentheid kry om hulself persoonlik te bemagtig en 'n bydrae te lewer tot lewenslange leer en dit bied die geleentheid vir kulturele verryking en die

vooruitsigte van ekonomiese welvaart. Al hierdie en nog baie meer word aangebied by biblioteke in die provinsie.

Ons is, onder andere, van plan om in die komende boekjaar die volgende te vermag:

- Verkry en verskaf biblioteekmateriaal, insluitend elektroniese hulpbronne om 'n leeskultuur te bevorder;
- Die Wes-Kaapse Biblioteekdiens is prakties betrokke by die uitrol van die Wes-Kaapse Breëband, hoë spoed, gratis internetdiens by landelike openbare biblioteke. Tans is 66 biblioteke reeds op die breëband-netwerk en die doel is om 200 biblioteke oor die volgende twee jaar te verbind.
- Ons sal befondsing verskaf om vyf nuwe biblioteke te voltooi by Abbotsdale in Swartland Munisipaliteit, Ashbury in Langeberg Munisipaliteit, Berghof in Bergrivier Munisipaliteit, Groendal in Stellenbosch Munisipaliteit en Herbertsdale in Mosselbaai Munisipaliteit
- Drie bestaande biblioteekfasiliteite, Eikendal in Stad Kaapstad Munisipaliteit, Worcester in Breedevallei Munisipaliteit en Suurbraak in Swellendam Munisipaliteit sal ook opgegradeer word deur befondsing van die Voorwaardelike Toekenning
- Verskaf aanvanklike befondsing vir nuwe biblioteke in Khayaletu (Knysna Munisipaliteit) en Du Noon
- Verskaf aanvanklike befondsing vir die opgradering van Hawston biblioteek.
- Die spesiale diens vir blinde en swaksierende persone sal uitgebrei word na 'n verdere 7 openbare biblioteke.
- Ontwikkel die professionele en tegniese vaardighede van openbare personeellede deur verskeie opleidingsprogramme
- Gaan voort met promosie- en bewusmakingsprogramme om biblioteek gebruik te verbeter
- Verskaf steun aan landelike openbare biblioteke vir die voortgesette implementering van SBIBS (die SITA Biblioteekinligting-bestuurstelsel)
- Verskaf befondsing vir boek opspoor-stelsels by openbare biblioteke
- Gaan voort met die indiensneming van UOWP-begunstigdes om bystand te verleen met die batebestuur van biblioteekmateriaal

#### **Program 4: Sport en Ontspanning**

Speaker, ons leer uit die geskiedenis dat sport die vermoë het om uiteenlopende groepe mense bymekaar te bring. In die woorde van wyle Nelson Mandela: "Sport kan hoop gee waar daar eens op 'n tyd bloot wanhoop was. Dit is magtiger as regerings wanneer dit kom by die afbreek van rassegrense. Dit maak alle vorme van diskriminasie as belaglik af ". My werksaamhede by hierdie Departement het aan my die geleentheid gebied om hierdie waarheid prakties te ervaar en ek is seker baie van julle kan van dieselfde ervaring getuig. Dink 'n bietjie terug aan die 1995 Rugby Wêreldbeker, die 2010 Wêreldbeker-sokkertoernooi, die jaarlikse Fietstoere en enige ander sportbyeenkomste wat jou trots Suid-Afrikaans laat voel. Deur sport kry ons almal 'n gevoel van verborgenheid wat nie verskillende kulturele agtergronde, moedertale en selfs politieke affiliasie bevat nie. Ons is almal Suid-Afrikaners wat verenig word deur een span te ondersteun, een volkslied te sing en een vlag te swaai. Speaker, sport en ontspanning het by verskeie geleenthede bewys dat dit bydra tot die maatskaplike integrering van ons diverse bevolking.

Dit is om hierdie rede dat R205 593 000 toegewys is aan Program 4: Sport en Ontspanning. Hierdie toekenning sal ongetwyfeld sport bevorder ten einde by te dra tot die versoening en ontwikkeling van die Wes-Kaapse gemeenskap deur die voorsiening van billike, toeganklike en bekostigbare sportfasiliteite, programme en dienste. Dit sal ook skolesport bevorder deur ondersteuning te bied in die vorm van strukture, kompetisies, die identifisering van talent, ontwikkeling en spesifieke en volgende-vlak-aktiwiteite.

Ons vlagskip MOD-program vorm die basis van die Naskoolse speltransformator wat deur die Premier in haar Provinsiale Begrotingstoespraak aangekondig is. Die volgende strategieë gaan in die 2016/17-boekjaar geïmplementeer word om die gehalte en bywoning van 181 MOD-sentrums verder te verbeter.

'n Sterk fokus en klem word gelê op die verhoging van die bywoning en koers van deelname aan Hoërskole deur die implementering van intra-klas en ander klasaktiwiteite wat sal kulmineer in die vorming van die skoolspanne. 'n Verdere fokus sal wees om saam te werk met interne en eksterne vennote om die MOD-voetspoor te versprei en om te verseker dat daar meer 'geen-fooi-skole' in staat is om kwaliteit programme aan hul leerders aan te bied wat sport, kuns en kultuur betref. Dit is die

voorloper tot die naburige skole program wat die ruggraat van die Skool-sportligas vorm. Hierdie vennootskappe en die veeldoelige, doeltreffende aanwending van hulpbronne by geen-fooi-skole sal hierdie leerders in staat stel om aan 'n verskeidenheid aktiwiteite van hul keuse deel te neem en in die proses in bemagtigde jong volwassenes te ontwikkel wat beter vir die lewe voorberei is.

Die voorsiening van 'n veilige ruimte vir leerders by MOD-sentrums sal 'n groot hupstoot ontvang wanneer die Departement van Gemeenskapsveiligheid in samewerking met die SAPD hul veiligheid-strategie in 4 groepe in Kraaifontein, Atlantis, Elsiesrivier en Guguletu implementeer.

Bo en behalwe dit, begin die ontplooiing van Skoolveiligheid-beamptes deur die Departement van Gemeenskapsveiligheid as 'n loodsprojek om die probleem van veiligheid en sekuriteit by MOD-sentrums aan te spreek. Sewe (7) Skoolveiligheids-beamptes sal by 3 MOD-sentrums en aanvanklik in die Metropool geplaas word.

'n Bykomende ag (8) MOD-sentrums is geïdentifiseer om die Yebo (Jaar Hierna) Program wat die akademiese been van die MOD-program uitmaak, te bedien.

Speaker, vandag het leerders van die MOD-program hul talente wat hulle by die sentrums ontwikkel het, ten toon gestel. Tydens middagete het lede van hierdie Huis en later Wes-Kaapse Regeringsamptenare 'n voorsmakie gekry van die talente en vaardighede wat deur hierdie program ontwikkel is. Die groep sangers wat die volkslied gesing het, is Saroney Vaughn en Clyde Hanekom van Worcester; Jody Basson van Saldanha; Lisa Petersen van Mitchell's Plain, Malelhoa Khoarane van Langa; Aneesha Langeveldt van Manenberg en Brandon Mack van so ver as Swellendam. Ons het tydens middagete gekyk na die vertoning van die jongleurs (gooi-en-vang kunstenaars) Bulelani Molefe, Neo Hlitana, Vuyani Lottering en Roman Molefe, almal van Langa. Die dansers wat hul merkwaardige talente ten toon gestel het, was Jamie Perry, Royden Botha, Amien Solomans van Lavender Hill en Lulamba Damba van Khayelitsha. Die orkes-vertonings is deur niemand anders as die Westelike Provinsie Orkesvereniging uitgevoer nie. Ek gee erkenning aan mnr. Saeed Ruiters, president van die WP Orkesvereniging en mev. Shamielah Toffar, Sekretaris van die Vereniging wat vandag in die gallery teenwoordig is. Ek het die grootste bewondering vir elke groep wat van regoor die provinsie gekom het, vandag hier aan ons tentoonstelling deelgeneem het en aan ons 'n

momentopname van die ongelooflike talent in ons provinsie vertoon het. Ek dank elkeen van hulle vir die positiewe keuse wat hulle maak om deel te neem aan die verrykende geleentheid wat aan hulle gebied word en te fokus op konstruktiewe aktiwiteite wat bydra tot positiewe jeugontwikkeling te midde van soveel maatskaplike ewels. Speaker, die hoofdoel van ons MOD-program is die maatskaplik geïntegreerde ontwikkeling van talente en belangstelling en die eliminerings van ongedissiplineerde gedrag. Nog 'n merkwaardige sukses van ons MOD-program is dié van Kaylin Jordaan van Houtbaai. Kaylin is sedert 2010 deel van die MOD-program by Laerskool Sentinal en Hoërskool Houtbaai. Sy het tydens haar twee jaar in die hoërskool die geleentheid gekry om in die uitspeelrondes vir SA Top Skole te speel. Op grond van haar vertoning in hierdie proewe is sy genooi om die nasionale o/17 proewe by te woon. Sy is gekies om haar land te verteenwoordig as lid van die o/17 nasionale vrouespan (Bantwana). Sy woon tans die Universiteit van Pretoria (Tuks) se Topprestasie-sentrum in Pretoria by om haar talent te ontwikkel en haar geleentheid te bevorder.

Speaker, as die Wes-Kaapse Regering is ons verbind tot die skep van 'n bemagtigende omgewing sodat die mense van die Wes-Kaap lewens kan lei wat waarde toevoeg. Ons Departement belê in die ontwikkelingshulpbronne wat nodig is om uitmuntende sportprestasie te slyp en te bevorder. Ek kondig met trots aan dat die Wes-Kaap die leier-provinsie is wat die aantal sportgerief-projekte betref. Neëntig (90) is tans aan die gang en die Vrystaat volg met 52.

In die boekjaar 2016/17, is R510 000 toegeken aan 'n akademie en twee netbalbane in Beaufort-Wes. Kaap Agulhas sal R700 000 ontvang vir die stigting van 'n akademie in die Overberg-streek. Stellenbosch Munisipaliteit sal kan spog met 'n R60 000 Fietsry BMX-baan. Swartland Munisipaliteit sal voorsien word van twee netbalbane in Wesbank en Malmesbury ten bedrae van R54 000 en George Munisipaliteit sal ook toegang bekom tot twee nuwe netbalbane wat ook R54 000 beloop.

Die Departement het ses Distrik sportrade en een Provinsiale Konfederasie ondersteun. Richard Buckley van die Metro, Lorenzo Arendse van die Kaapse Wynlande en Desmond Spielman van die Eden Sportrade is vandag hier om hierdie rade te verteenwoordig. In 2015/2016 het die Departement R2 209 000 oorgeplaas,

en hy sal die bedrag van R2 881 400 in die 2016/17-boekjaar oorplaas. Hierdie bedrag maak ook voorsiening vir Provinsiale Sportfederasies, byvoorbeeld, Wes-Kaap Tennis, Netbal, Skopboks, Seilvaart, om maar 'n paar te noem. Ek kondig met trots aan dat ons daarin geslaag het om in samewerking met die gemeenskap die Sentraal-Karoo Sportraad met die Voorwaardelike Toekenning te stig, te versterk en te befonds.

Speaker, ter opsomming, die Departement van Kultuursake en Sport sal 'n aansienlike bedrag van ons program 4-begroting bestee in elke distrik van die provinsie in die 2016/17-boekjaar. Wat volg is maar slegs 'n paar hoogtepunte uit elke distrik:

#### **In die Kaapse Wynlande gaan ons:**

- Naburige skole bystaan met die voorsiening van hulpbronne om te kan deelneem aan die inter-skole liga in Worcester, Stellenbosch, Paarl, Mbekweni, Robertson, Gouda, Koue Bokkeveld, Ceres en Wolseley. Inter-skolekompetisies op klustervlak sal van April tot Oktober 2016 plaasvind. Distrikskompetisies sal in April en Julie 2016 en in Februarie 2017 plaasvind.
- Die Distrik Inheemse Spele sal op 28 Mei 2016 in Zwelethemba plaasvind.
- The Distrik Silwer Spele sal in Worcester plaasvind.
- Die Distrik Big Walk is geskeduleer vir 1 Oktober 2016 in Bonnievale.
- Die gekombineerde jeugkamp vir Kaapse Wynlande en Overberg is geskeduleer vir 9 Julie 2016.
- Voortgesette ondersteuning sal verleen word aan die 24 MOD-sentrums in Stellenbosch, Paarl, Gouda, De Doorns, Robertson, Touwsrivier, Ceres en Wolseley gebiede.

#### **In Sentraal-Karoo gaan ons:**

- Naburige skole bystaan met die voorsiening van hulpbronne om te kan deelneem aan die inter-skole liga in Beaufort-Wes, Laingsburg, Prins Albert en Murraysburg.
- Die Distrik Inheemse Spele sal op 4 Junie 2016 in Mandlenkosi plaasvind.
- Die Distrik Silwer Spele gaan in Beaufort-Wes op 20 Mei 2016 plaasvind.



- The Distrik Big Walk is geskeduleer om op 1 Oktober 2016 in Laingsburg plaas te vind.
- Die gekombineerde Jeugkamp vir Sentraal-Karoo en Eden is geskeduleer vir 25 Julie 2016 in Knysna/Oudtshoorn.
- Voortgesette ondersteuning sal verleen word aan die 13 MOD-sentrums in Murraysburg, Nelspoort, Beaufort-Wes, Leeu Gamka, Prins Albert en Laingsburg gebiede.

**In die Eden-distriksmunisipaliteit gaan ons:**

- Naburige skole bystaan met die voorsiening van hulpbronne om te kan deelneem aan die inter-skole liga in Grootbrak, Mosselbaai, George, Oudtshoorn, Plettenbergbaai, Pacaltsdorp, Heidelberg, Riversdal, Knysna en Ladismith.
- Voortgesette ondersteuning sal verleen word aan Hoërskool George Sport Fokus Skool deur die voorsiening van hulpbronne.
- Die Distrik Inheemse Spele sal op 21 Mei 2016 in Thembalethu plaasvind.
- Die Distrik Silwer Spele sal op 12 Junie 2016 in Oudtshoorn plaasvind.
- Die Distrik Big Walk is geskeduleer om op 1 Oktober 2016 in Mosselbaai plaas te vind.
- Die gekombineerde Jeugkamp vir Sentraal-Karoo en Eden is geskeduleer vir 25 Julie 2016.
- Voortgesette ondersteuning sal verleen word aan die 16 MOD-sentrums in Plettenbergbaai, Knysna, George, Riversdal, Heidelberg, Grootbrak, Mosselbaai, Dysseisdorp, Oudtshoorn en Calitzdorp gebiede.

**In die Overberg Distriksmunisipaliteit gaan ons:**

- Naburige skole bystaan met die voorsiening van hulpbronne om te kan deelneem aan die inter-skole liga in Gansbaai, Caledon, Grabouw, Zwelihle, Swellendam, Bredasdorp, Barrydale, Genadendal, Hawston en Villiersdorp.
- Ondersteuning bied aan die Sport Fokus Skole deur die voorsiening van hulpbronne.
- Die Distrik Inheemse Spele gaan op 14 Mei 2016 in Zwelihle plaasvind.
- Die Distrik Silwer Spele gaan op 20 Mei 2016 in Bredasdorp plaasvind.

- Die Distrik Big Walk is geskeduleer om op 1 Oktober 2016 in Hermanus plaas te vind.
- Die gekombineerde Jeugkamp vir Kaapse Wynlande en Overberg is geskeduleer om op 9 Julie 2016 plaas te vind.
- Voortgesette ondersteuning sal verleen word aan die 16 MOD-sentrums in Barrydale, Swellendam, Grabouw, Villiersdorp, Genadendal, Hermanus, Gansbaai en Bredasdorp gebiede.

#### **In die Weskus Distriksmunisipaliteit gaan ons:**

- Naburige skole bystaan met die voorsiening van hulpbronne om te kan deelneem aan die inter-skole liga in Malmesbury, Saldanha, Vanrhynsdorp, Vredenburg, Citrusdal, Vredendal, Lutzville, Riebeek-Wes, Doringbaai en Piketberg.
- Voortgesette ondersteuning sal verleen word aan Hoërskool George Sport Fokus Skool deur die voorsiening van hulpbronne.
- Die Distrik Inheemse Spele sal op 7 Junie 2016 in Vredenburg plaasvind.
- Die Distrik Silwer Spele sal op 6 Junie, 22 Junie en 6 Julie 2016 in onderskeidelik Vredendal, Vredenburg en Cederberg plaasvind.
- Die Distrik Big Walk is geskeduleer om op 1 Oktober 2016 in Vredenburg plaas te vind.
- Die Jeugkamp is geskeduleer vir 16 Julie 2016 in die Laer Weskus-gebied.
- Voortgesette ondersteuning sal verleen word aan die 16 MOD-sentrums in Lutzville, Vredendal, Vanrhynsdorp, Bitterfontein, Clanwilliam, Citrusdal, Porterville, Moorreesburg, Malmesbury, Riebeek-Wes, Saldanha en Vredenburg gebiede.

#### **In die Kaapse Metropool gaan ons:**

- Naburige skole bystaan met die voorsiening van hulpbronne om te kan deelneem aan die inter-skole liga in:
  - ✓ Metro-Sentraal: Langa, Heideveld, Bonteheuwel, Gugulethu, Atholone en Kaapstad.
  - ✓ Metro-Oos: Khayelitsha (Suid), Khayelitsha (Sentraal), Blue Downs, Kraaifontein, Macassar en Sarepta.

- ✓ Metro-Noord: Belhar, Bishop Lavis, Atlantis, Elsiesrivier en Bloekombos.
- ✓ Metro-Suid: Lentegeur, Lavender Hill, Ocean View, Philippi, Grassy Park en Rocklands.
- Voortgesette ondersteuning sal verleen word aan die Wes-Kaapse Sport Fokus Skool deur die voorsiening van hulpbronne.
- Die Distrik Inheemse Spele sal op 11 Junie 2016 in Kuilsrivier plaasvind. Hierdie gebied sal ook die WK Inheemse Spele vanaf 29 tot 31 Julie 2016 aanbied.
- Die Distrik Silwer Spele gaan op 17 Mei 2016 in Bellville plaasvind.
- Die Distrik en Provinsiale Big Walk is geskeduleer om in November 2016 in Kaapstad plaas te vind.
- Die Jeugkamp is geskeduleer vir 2 Julie 2016.
- Voortgesette ondersteuning sal verleen word aan die 96 MOD-sentrums in:
  - ✓ Metro-Sentraal: Houtbaai, Kensington, Langa, Heideveld, Bonteheuwel, Gugulethu, Bridgetown, Athlone, Kaapstad en Manenberg.
  - ✓ Metro-Oos: Khayelitsha, Mfuleni, Blue Downs, Kraaifontein, Macassar en Kuilsrivier en Eersterivier.
  - ✓ Metro-Noord: Atlantis, Du Noon, Elsiesrivier, Bishop Lavis, Belhar, Bellville en Kraaifontein.
  - ✓ Metro-Suid: Ocean View, Retreat, Lavender Hill, Philippi, Grassy Park en Mitchell's Plain.
- Hoërskool Intlanganiso is geïdentifiseer as 'n geskikte kandidaat om 'n gerief-opgradering te ontvang.

Die Departement sal ook opleiding vir die fasilitering van kapasiteitsbou aan 60 onderwysers of vrywilligers in elke distrik verskaf.

Speaker, sportaktiwiteite skep nie net 'n gevoel van samehorigheid, spanwerk, respek, selfvertroue, passie, trots, hoop en eenheid nie, maar dit verleen ook fokus, rigting, doel, uitdrukking en hoop aan die toekoms. Dit is om hierdie rede dat sportaktiwiteite geïdentifiseer is as 'n bydraende faktor tot die Wes-Kaapse Regering se speltransformator van die behandeling van alkoholmisbruik. Indien ons jeug betrokke is by positiewe ontwikkelingsprogramme kan ons hulle as jeug met potensiaal eerder as kwesbare jeug beskou aangesien anti-sosiale gedrag soos

dwelmmisbruik en bende-aktiwiteite dan nie 'n prioriteit word nie. Dit is ons missie om deur middel van innoverende vennootskappe met ander, uitnemendheid en inklusiwiteit in sport en kultuur aan te moedig deur die effektiewe, doeltreffende en volhoubare gebruik van ons hulpbronne. In ons strewe na uitnemendheid, sal ons gunstige toestande vir toegang en massadeelname, talent-identifisering en die ontwikkeling van vaardighede skep. In my tyd as Minister, was ek gelukkig genoeg om betrokke te raak by positiewe jeugontwikkelingsprogramme wat op verskillende sportkodes en ontspanningsaktiwiteite fokus. Dit sluit in:

- Oasis, onder leiding van mnr. Clifford Martinus wat vandag hier in die gallery sit, is 'n geregistreerde nie-winsgewende organisasie. Sy belangrikste doelstelling is om ontwikkelingsprogramme vir sport te ontwikkel. Die programme vorm 'n platform waar ons kan aansluiting vind by die jeug, sowel as volwassenes van benadeelde gemeenskappe en aan hulle opvoedkundige geleentheid en geleentheid vir die ontwikkeling van lewensvaardighede bied. Dit is deur middel van hierdie program wat voorheen hawelose jeug deelgeneem het aan hul programme en verlede jaar die geleentheid gekry het om deel te neem aan die Internasionale Hawelose Straatsokker Wêreldbeker-sokkertoernooi in Amsterdam. Hulle het 5de plek uit 'n totaal van 64 lande verower. Dit word in die vooruitsig gestel dat ons Departement weereens die span sal finansier om deel te neem aan vanjaar se Wêreldbeker-toernooi. 'n Slegs-meisies span sal ook deelneem.
- Die 9Miles Project is 'n jeug en gemeenskapsontwikkeling, nie-winsgewende organisasie wat branderplankry gebruik as 'n platform vir transformasie deur te fokus op kwesbare jeug in Kaapstad. Nigel Savel, stigterslid van die organisasie, kombineer waterveiligheid bewustheid met swem en branderplankry lesse op 'n prettige en insiggewende manier. Kaleb Swanepoel, die 20-jarige van Prins Albert, wat op 27 Junie 2015 'n haai-aanval by Buffelsbaai oorleef het, het saam met my na my eerste branderplank les by 9MilesProject gegaan. Hy het sy wonderbaarlike ervaring en persoonlike wenke oor waterveiligheid met die skare kinders gedeel en hulle inderdaad geïnspireer om enige uitdaging te aanvaar wat hulle in die gesig mag staar.
- Speaker, môre breek die einde van fietsry-maand in die Wes-Kaap aan. Ons het premier fietsrygebeurtenisse soos die Kaapse Rouleur, die Kaapstad-fietstoer en die

ABSA Cape Epic met groot sukses aangebied. Hierdie gebeurtenisse bied 'n platform vir positiewe rolmodelle vir ons jeug. Talentvolle jaers van kwesbare gemeenskappe is gekies om deel te neem aan verskeie ontwikkelingsprogramme wat hulle ondersteun en help ontwikkel in professionele atlete wat toegerus is om mee te ding en deel te neem aan internasionale fietsrygebeurtenisse. Een so 'n program is HotChillee se ontwikkelingsprogram vir jong, ontwikkelende fietsryers. HotChillee werk op die oomblik met JAG, Velokhaya en Cape Town Giants en begelei hulle om hul volle potensiaal te ontwikkel. Die program is ontwerp om 'n platform te bied vir jong, ontwikkelende Suid-Afrikaanse fietsryers wat in internasionale atlete wil ontwikkel. Shameeg Salie van Grassy Park het finansiële steun van ons departement ontvang om verlede jaar in Europa te kon deelneem. Hierdie jaar gaan ons twee ontwikkelingsryers finansiële ondersteun om deel te neem aan Europese fietswedrenne.

### **Ter afsluiting**

Speaker, die Departement van Kultuursake en Sport speel 'n belangrike rol in die maatskaplike integrering van ons diverse bevolking, wat daartoe lei dat ons Beter Tesame verenig word. Ek kan talle voorbeelde opnoem van die langtermyn impak van hierdie departement se werksaamhede op ons gemeenskappe, maar dit het geen waarde indien dit net ons is wat dit weet, sien, voel en ervaar nie. Die mense op voetsoolvlak moet weet van die positiewe ontwikkelinge te midde van die omstredenheid. Hulle moet bakens van hoop ontvang aangesien hulle in kwesbare gebiede woon. Hierdie rolmodelle is ons sportpersoonlikhede en opkomende kuns- en kultuurstere. Ons mense smag na hernude hoop dat ons as 'n nasie verenig is in ons diversiteit.

Hierdie departement, die toegewyde personeel en ons konstruktiewe programme kan die lewens van mense in die Wes-Kaap ten goede verander. Die publiek moet bewus gemaak word van die feit dat 'n gesonde leefstyl tot hul beskikking gestel word en sodra hulle sien dat ander die geleenthede benut, sal dit 'n sneeubaleffek hê en 'n lewe vir altyd verander. Ek doen 'n beroep om almal wat vandag hier teenwoordig is om ons te help om ons visie en missie te verwesenlik en kom ons vier ons diversiteit in plaas van praktyke te beoefen wat lei tot diskriminasie en verdeling, want ons skoonheid lê verskuil in ons diversiteit.

Ek dank u.